STRUBENVALE PRIMARY SCHOOL

Afrikaans

GRADE 6– WEEK 18 (17-21 Aug.)

Skryf die volgende paragraaf in jou boek.

Dag 1

Spelling en punktuasie

Skryf die volgende sinne oor en vul die ontbrekende leestekens en hoofletters in.

seuns hou van grillerige goeters soos gogga's en paddas. hulle gooi dit gereeld op die meisies die onderwysers was kwaad vir die seuns wat die meisies poetse gebak het. stiaan sê die meisies gril ook vir die sand in hulle skoene.

Dag 2

Gebruik n woordeboek om te wys watter woord verkeerd gespel is. Onderstreep die reg gespelde word.

1 lekker of leker

2 jufrou of juffrou

3 tekies of tekkies

4 onmiddelik of onmidellik

5 wedstryd of wedstruid

6 dadelik of daedlik

7 bad of bat

8 waardeer of waardeur

9 kwaad of kwaat

10 baie of baai

Dag 3

Skryf die sinne in die verlede tyd.

Remember : The verb is replaced with **het** and the verb is then moved to the end of the sentence with the **prefix ge-.** Exception of the rule. Is is replaced by was.

Voorbeeld: Leeu **se** stem **is** sag.

Antwoord: Leeu se sterm **was** sag.

1 Die diere **is** baie bang vir leeu.

_____

2. Die leeu **vang** al die die diere.

_____

3. Die diere **hou** vergadering oor leeu.

_____

4. Haas **maak** n plan.

_____

5. Die ander diere **is** hardseer oor Haas se plan.

_____

6. Leeu **brul** hard.

_____

7. Die diere **is** bang vir Leeu.

_____

8. Haas **is** die domste van al die diere.

_____

9. Haas **gee** vir Leeu goeie nuus.

_____

10.Die bye **is** kwaad vir die Leeu.

_____

Dag 4

Lees die volgende leesstik. Gebruik n woordeboek vir moeilike woorde.

(2008) Kaapse Klopse vier 100 jaar

In 2008 het die Kaapse Klopse-karnaval die 100ste bestaanjaar van die karnaval gevier. Daar was omtrent 70 groepe en ongeveer 30 000 deelnemers wat in 2008 aan die 100-jarige vieringe deelgeneem het.

Elke jaar vanaf 1908 vier die Kaapse Klopse 'n tweede Nuwejaar. Dit is altyd 'n kaleidoskoop van kleur en mense kom van heinde en ver om die groepe te hoor sing en na hul pragtige kleurvolle kostuums te kyk.

Die tradisie is al meer as 300 jaar oud, maar dit was in 2008 'n 100 jaar dat dit 'n georganiseerde jaarlikse gebeurtenis is. Mnr. Rasool het tydens 'n onderhoud gesê dat die Klopse-tradisie bruin mense 'n identiteit gegee het.

In 2008 met die eeufees van hierdie kleurvolle tradisie van sang en dans was dit die grootste nog. Elke jaar werk die groepe aan hul klere en liedjies en sien almal, jonk en oud, uit na die twee dae van jolyt, sang en dans.

Hierdie tradisie is baie belangrik vir al die mense wat elke jaar daaraan deelneem. Hopelik sal die tradisie nooit uitsterf nie.

Dag 5

Skryf die antonieme (opposites) vir die volgende woorde. Gebruik woordeboek om jou te help.

1 grootste = _____

2 pragtige =_____

3 meer = _____

4 jonk =_____

5 belangrik =_____

Paste the work into your book.